



# Veldiep

Onderwysersgids

**Wenner van die ATKV-kinderboektoekenning 2019 (selfleeskategorie graad 8 – 10)**

Nota:

Hierdie gratis gids kan na goeddunke gekopieer en gebruik word.

# Inhoud

Inleiding....4
Die skrywer....6
Samestelling van ’n boek....7
Tekskenmerke....11
Opsomming van *Veldiep*....12
Inhoudelike vrae en antwoorde....13
 Hoofstuk 1-5....13
 Hoofstuk 6-10....15
 Hoofstuk 11-15....17
 Hoofstuk 16-20....19
 Hoofstuk 21-25....20
 Hoofstuk 26-30....22
 Hoofstuk 31-35....24
 Hoofstuk 36-39....26
Opsommende inligting oor die karakters....28
Karakterisering....30
Konflik....32
Storielyn....33
 Intrige....33
 Subintrige....35
Voorafskaduwing....35
Terugflitse....35
Verteltyd en vertelde tyd....36
Die verteller....36
Temas....38
Motiewe....39
Boodskappe....40
Agtergrond en omgewing....40
Stemming....46

Taalgebruik....46
’n Stukkie Griekse mitologie ....47
Die lokteks....48
’n Resensie van *Veldiep*....49
Kritiese taalbewustheid ....51
Vir klasbespreking....52
Leesoefeninge ....53
  Vluglees ....53
  Soeklees....53
  Lees hardop ....54
  Onvoorbereide lees....54
Klasaktiwiteite....55
Bronne....56
  Boeke....56
  Webblaaie ....56
Bedankings....56
Foto’s....56
Antwoorde ....57

# Inleiding

Hierdie Onderwysersgids is geskryf volgens die kurrikulum- en assesseringbeleidverklaring (CAPS). Dit sal onderwysers en leerders op ’n reis neem deur die onsekerhede van die tienerwêreld, sosiale media se gevare en die soeke na die groot vraag: Wie is ek?

*Veldiep* is ’n toeganklike jeugroman wat vir beide huistaal en EAT-leerders geskik is. Die studiegids spreek literêre aspekte aan, maar bevat ook interessante aktiwiteite en brokkies wat tienerlesers se verbeelding sal aangryp. Lees moet mos ook lekker wees!

Die hoofdoel van die onderwysersgids is om leerders te help **LEES** en **KYK**, maar daar is ook oefeninge wat skryf- en aanbiedingsvaardighede sal slyp. Sommige afdelings kan vir luisteroefeninge gebruik word. Hierdie afdelings is ook ideaal om leerders se begrip te toets.

Onderwerpe wat aangepak word, is die samestelling (dele) van ’n boek, tekskenmerke, teksstrukture en leesoefeninge. ’n Kort opsomming van die boek, asook opsommings per hoofstuk sal onderwysers en leerders help om ’n oorsig oor die roman te verkry. Inhoudelike vrae en antwoorde sal die roman ontsluit. Daar is ook vrae wat die leser se opinie vra, eerder as om ’n klinkklare antwoord te gee. Sommige vrae sal honger lesers uitdaag om dieper te krap as net die blote storie.

Die gids is so opgestel dat dit lesers ...

- Bewus maak van die hoofgedagtes van die roman
- Bewus maak van ondersteunende idees
- Lei om voorspellings te waag
- Help om afleidings te maak
- Dwing om sekere gedeeltes te herlees en -kyk.
- Help met visualisering
- Lei met notas
- Help om krities na die taal en taalgebruik te kyk
- Bewus maak van temas en motiewe

’n Resensie van die roman word verskaf, waarna lesers ook self ’n geleentheid sal kry om die roman te evalueer. Daar is ook inligting oor die boek se lokteks.



Die gids verskaf verder notas wat onderwysers en leerders sal help om literêre aspekte soos karakterisering, die verteller, konflik, intrige en subintrige, invloed van die omgewing op die karakter en meer onder die knie te kry.

Dit is die onderwysersgids in 'n neutedop.


Geniet hom!

*Fanie Viljoen*

**Nota:**

- Besoek gerus my webblad vir inligting oor nuwe boeke, video's, resensies en meer.
- Jy kan ook via my webblad inteken op 'n nuusbrief wat so 3 keer per jaar per e-pos versend word.
- Besoek www.fanieviljoen.co.za

# Die skrywer



Fanie Viljoen is die skrywer van talle kinder- en jeugverhale. Sy eerste boek, *Slym*, is in 2004 gepubliseer. Daarna het verskeie kinder- en jeugverhale gevolg. Die jeugverhale sluit boeke in soos *BreinBliksem*, *Miserella*, *Onderwêreld* en *Brand*.

Die skryfgogga het Fanie reeds op skool gebyt. Hy het die seunsblad vir die skoolkoerant, *Die Goutie*, geskryf. Tydens sy skooljare het hy ’n aanmoedigingsprys gewen in een van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisies (1987). Sy eerste kortverhaal is in 1999 in *Sarie* gepubliseer.

Sy boeke het al talle pryse verower soos die M.E.R.-prys vir jeuglektuur, M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke, Sanlam-prys vir jeuglektuur, naaswenner in Lapa se jeugverhaalkompetisies en ATKV-kinderboektoekennings. *Veldiep* het in 2019 ’n ATKV-kinderboektoekenning (selfleeskategorie, graad 8 -10) verower.

Fanie hou daarvan om vir jongmense te skryf omdat die grense van hulle verbeeldings eindeloos is. Dit is natuurlik ook lekkerder om ’n dag saam met wonderlike karakters in betowerende stories deur te bring as om by ’n bank of ’n versekeringsmaatskappy te werk! Jip, kan jy glo, hy het dit ook gedoen. Maar vandag skryf, skilder en illustreer hy voltyds boeke.

Wanneer hy nie skryf nie, luister Fanie graag musiek, gaan gim toe, of kuier hy in koffiewinkels.

Fanie woon in Bloemfontein, maar jy kan hom gaan opsoek in die kuberruim by [www.fanieviljoen.co.za](http://www.fanieviljoen.co.za)

**Luistertoets**
Toets die leerders se luisterbegrip met bostaande inligtingstuk. (Dit is omtrent 210 woorde lank.)


**Vrae**

1. Noem twee van Fanie se jeugverhale.
2. Watter blad het hy vir die skoolkoerant geskryf?
3. Wie het vir Fanie ’n aanmoedigingsprys gegee?
4. Hoekom hou Fanie daarvan om vir jongmense te skryf?
5. Buiten skryf het Fanie ook ander stokperdjies. Noem twee daarvan.
6. Gee ’n ander naam vir “internet” uit die inligtingstuk.
   - Wat is Fanie se webbladadres?


# Samestelling van 'n boek

Hierdie diagramme verduidelik die verskillende dele van 'n boek, met spesifieke verwysing na *Veldiep*:


### Voorblad





### Agter- en rugkant:



## Binne-in die boek:




Die titelblad bevat die boektitel, skrywer en uitgewer se naam.




Links is die kopieregbladsy met inligting oor die kopiereghouer, uitgewer, datum van publikasie, ontwerper van die voorblad en die boek self, ISBN-nommer, ens. Die uitgewer het in hierdie geval ook vorige boeke van die skrywer gelys. Daar is ook 'n bedanking en erkenning vir die lirieke wat in die boek gebruik is.

Regs is die opdragbladsy of inskripsie-bladsy. *Veldiep* is opgedra aan Marita en Willie van Aswegen.

**Laat die vreemde opdrag jou wonder?**

Die skrywer het 'n paar jaar voor die publikasie van *Veldiep* in anafilaktiese skok gegaan weens 'n penisillien-allergie. Marita en Willie van Aswegen, Fanie se bure, het daardie aand kom help en 'n ambulans ontbied.

## Voorblad

Die voorbladillustrasie het ’n realistiese styl. Die agtergrondkleure is natuurlik. Die meisie se foto verskyn vlakby (close-up). Die fokus is op haar oog wat reguit na die leser kyk. Die emosie is byna onpeilbaar. Sy steek dalk iets vir die leser weg. Haar hand krul op onder haar ken – dalk van spanning? Die meisie se beeld reflekteer onder haar gesig. Dit gee al ’n leidraad dat *Veldiep* handel oor ’n tiener se selfbeeld, die manier waarop sy haarself sien.

**Het jy geweet?**

- ’n Boek se voorblad moet net so treffend soos die titel wees. Baie mense is visueel ingestel en sal ’n boek lees net omdat die omslag mooi is.
- Die omslag moet die leser nuuskierig maak oor die boek. Dit moet jou lus maak om die boek te lees.
- Die illustrasies of foto’s wat op omslae gebruik word, kom gewoonlik van foto-databasisse op die internet. Shutterstock is een so ’n databasis. Indien jy goeie foto’s kan neem, kan jy ekstra sakgeld verdien en jou foto’s op hierdie webblaaie verkoop. Uitgewers laat soms ook spesiaal foto’s vir ’n boek se omslag neem.
- Die skrywer (outeur) van ’n boek het soms seggenskap oor ’n omslag, maar die finale besluit berus by die uitgewer.

## Titel

Die titel is net ’n ander woord vir “die boek se naam”.

Hierdie boek se titel is *Veldiep*. Titels moet die leser se aandag trek en nuuskierig maak oor die storie. Skrywers en uitgewers oorweeg dikwels verskillende titels vir ’n nuwe boek. Hulle wil sekermaak dat dit ’n leser se verbeelding sal aangryp. ’n Goeie titel kan meer lesers lok.

*Veldiep* se titel is skelrooi. Dit reflekteer ook in die meisie se gesig.
Ons sê dat skoonheid “veldiep” lê. Die titel sluit gevolglik aan by die refleksie, selfbewustheid en skoonheid – of ons mense se, moontlik verwronge, idees oor skoonheid.

## Slagspreuk

In Engels word die slagspreuk die "tagline" genoem. Dit verskyn op die voorblad van sommige boeke. Die doel is om die leser se aandag te prikkel, bykomend tot die voorblad-foto en titel. Die slagspreuk is kort en kragtig. Dit het gewoonlik net een sin.

*Veldiep* se slagspreuk is: Die verkeerde vraag kry soms die regte antwoord.

## Flapteks/agterbladteks

Hoe weet jy of jy van 'n boek gaan hou? 'n Mens kan tog nie net oordeel op grond van die titel en omslag nie.

'n Flapteks word op die agterblad geplaas. Dit is 'n opsomming van die boek. Wanneer jy dit lees, kan jy beter besluit of dit 'n boek is waarvan jy gaan hou. Die flapteks se tweede doel is om jou nuuskierig te maak.

Hier is *Veldiep* se flapteks:

'n Ou, 'n meisie, en die einde van die wêreld.

Amber vra: Is ek mooi of is ek lelik? Tim se meisie breek sy hart. Nie een van hulle dink hulle sal ooit weer oukei wees nie, maar nes hartseer, kom geluk ook op onwaarskynlike maniere.

## Vrae

1. Watter element van die voorbladfoto trek ons aandag eerste?
2. Beskryf die voorblad kortliks.
3. Wat sou jy verander op die voorblad?
4. Sou jy die boek 'n ander titel gee? Motiveer jou antwoord.
5. Sal die titel en die voorblad jou die boek laat optel in 'n boekwinkel? Motiveer jou antwoord.
6. Skryf jou eie slagspreuk vir *Veldiep* se voorblad.

## Vir pret

Ontwerp jou eie voorblad vir *Veldiep*.

<u>Wenk</u>:

Soek vir illustrasies in ou tydskrifte of gebruik die Pixabay-webblad. Hulle verskaf gratis foto's en illustrasies.

# Tekskenmerke

Kom ons kyk na ’n paar uitstaande kenmerke van die teks.

1. Op die voorblad is die boektitel met hoofletters gespel. Wat dink jy is die doel daarvan?
2. Hoekom dink jy is daar ’n refleksie van die titel in die meisie se gesig op die voorblad?
3. Vluglees die boek. Is daar enige diagramme of illustrasies?
4. Soek voorbeelde van woorde in vetdruk in *Veldiep*.
5. Wat dink jy is die doel van die vetgedrukte woorde?
6. Soek voorbeelde van woorde in skuinsdruk in *Veldiep*.
7. Is daar enigsins sprake van nommering in die roman?

# Opsomming van *Veldiep*

Tim Muller is ’n graad 11-leerder van Hoërskool Caldwell. Sy meisie, Jessica, sê hom af omdat sy iemand anders ontmoet het. Tim is verpletter. Hy kan nie eens vir sy beste vriend, Edgar, hiervan vertel nie. Hy vind gelukkig troos by sy perd Apollo.

’n Ander meisie, Chantel, het haar oog op Tim, maar hy stel nie belang nie. Sy hart is nog gebroke.

Amber Sterling ontmoet ’n ou op ’n afspraak-app. Sy gebruik egter ’n model se foto vir haar profiel. Wanneer die ou uitvind hoe sy regtig lyk, sê hy vir haar sy is lelik. Uit desperaatheid maak Amber ’n video waarin sy kykers vra of sy mooi of lelik is. Die video beland per ongeluk op haar ander sosiale media en gou is Amber die bespotting van die skool. Sy besluit om voortaan eerder in koffiewinkels en restaurante te gaan sit as om skool toe te gaan.

Amber en Tim se paaie kruis by die buitelug-oefenarea. Tim weet egter nie hoe Amber lyk nie. Hulle ken ook nie mekaar se name nie, en so begin ’n vreemde vriendskap waarin hulle praat oor die lewe, liefde, hartseer en meer.

Wanneer Tim se perd, Apollo, beseer word, dwing dit vir Tim en Amber om bestek van hul lewens te neem. Uiteindelik besef Tim dat dit nie die einde van die wêreld is as ’n meisie jou afsê nie. Amber ontdek ook haar eie interne skoonheid en besef dat ’n mens nie jou geluk moet meet aan ander mense se menings oor jou nie.

# Inhoudelike vrae en antwoorde

## Hoofstuk 1-5

**Opsomming**

Tim Muller se meisie, Jessica, sê hom af omdat sy iemand anders ontmoet het. Tim is verpletter. Hy kan nie eens vir sy beste vriend, Edgar, hiervan vertel nie. Hy vind gelukkig troos by sy perd Apollo.
’n Ander meisie, Chantel, het haar oog op Tim, maar hy stel nie belang nie. Sy hart is nog gebroke.
By die buitelug-oefenarea hoor hy ’n vreemde geluid.

1. Die openingsparagraaf is baie kort: “Ek het iemand anders ontmoet, Tim,” sê Jessica. Wat is die nut van die openingsparagraaf?
2. Watter vakke het Tim na pouse?
3. Wie is Tim se sussie?
4. Hoe lank ken Tim en Edgar mekaar?
5. Goeie karakters het gewoonlik ’n skadukant of ’n emosionele wond. Verduidelik kortliks Edgar se skadu of wond.
6. Haal twee sinne aan wat wys dat daar ’n voorteken was dat Jessica nie meer van Tim hou nie.
7. “Ouens is nie veronderstel om te huil nie.” (bladsy 8). Stel jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.
8. Skryf die volgende sin in korrekte Afrikaans: “Ek deal daarmee.”
9. Bring musiek ook verskillende herinneringe vir jou terug? Verduidelik kortliks hoe dit al gebeur het.
10. Plaas hierdie gebeure in die regte volgorde:
    a. Chantel vra Tim se hulp met haar perd Comet.
    b. Tim hoor ’n vreemde geluid by die buitelug-oefenarea.
    c. Tim gaan na die stalle om die “kaste in sy kop reg te pak”.
    d. Tim huil sonder om skaam te wees.
11. In watter omgewing speel hoofstuk 5 af?
12. “Niks is perfek nie.” Evalueer die stelling. Stem jy daarmee saam?
13. Wat dink jy gaan volgende in die verhaal gebeur?

| **Woordelys** |
|---|
| Befoeterd – Angry, fuming |
| Bobaas (byvoorbeeld soos gebruik in “bobaasidiome”) – Top notch |
| Dubbelperiode  - Double period |
| Handgemaakte - Handmade |
| Hoefpik – Hoof pick |
| Inmekaargevlegte - Intertwined |
| Roosterbrood – Toast |
| Roskam -  Dress, groom a horse, to use a curry comb |
| Silwernaamplaatjie – Silver name tag |
| Sliert – String, streak (of hair) |
| Sonkragligte – Solar lights |
| Teësin - Aversion |
| Toerank – Entwine |

**Vir pret**

Gaan kyk na een van Spoegwolf se video’s op YouTube.

## Hoofstuk 6-10

**Opsomming**

Amber Sterling kry ’n aaklige boodskap van Craig, ’n ou met wie sy op ’n afspraak-app gesels. Hy sê sy is lelik toe hy sien hoe sy werklik lyk. Amber is platgeslaan. Sy maak ’n YouTube-video en vra kykers of sy mooi of lelik is. Die video beland per ongeluk ook op haar ander sosiale media. Gou weet die hele skool daarvan. Hulle maak ’n bespotting van haar.
Chantel sleep subtiel vlerk by Tim.
Tim en sy suster gaan drink melkskommel om oor sy liefdesteleurstelling te praat. Chantel waarsku Marli dat melkskommel haar sal vet maak.
Tim ontmoet ’n meisie in die donker by die buitelug-oefenarea.

1. Waar het Amber vir Craig ontmoet?
2. Watse werk doen Amber se ouers?
3. Hoekom dink jy kategoriseer Amber die mense op die TV-program?
4. Haal ’n sin aan wat Amber se alleenheid simboliseer.
5. Hoe verander die fokaliseerder in hoofstuk 6?
6. Hoekom gebruik sommige mense ander mense se foto’s op afspraak-apps?
7. Kan jy met jou ouers oor jou probleme praat?
8. Amber evalueer haar voorkoms in die spieël. Sy sien meer verkeerd as reg in haar spieëlbeeld. Hoekom sien sommige mense hulself só?
9. Amber dink ’n YouTube-video waarin sy vir mense vra of sy mooi of lelik is, sal haar probleem oplos. Dink jy dit is ’n goeie idee? Motiveer jou antwoord.
10. Haal twee sinne aan wat sê dat ’n mens jou nie aan alle op- en aanmerkings op die internet moet steur nie.
11. Hoekom is Tim bekommerd toe hy by die stalle aankom?
12. Chantel spog oor al die duur goed in hulle huis wat nog in bokse rondstaan. Hoe voel jy oor mense wat met hulle besittings spog?
13. Chantel plant ’n idee in Marli se kop. Dit vererger later. Verduidelik wat gebeur.
14. Hoe voel jy oor mense wat vir sekuriteit op landgoedere woon? Oordryf hulle die misdaadsituasie in die land? Motiveer jou antwoord.
15. In die toneel waar Tim gaan oefen, ontmoet hy “’n meisie”. Wie is die meisie? Hoekom noem die skrywer haar nie op haar naam nie?

| **Woordelys** |
|---|
| Binnestem – Inner voice |
| Greintjie – Grain, particle |
| Koponderstebo – With a lowered head |
| Kunstenaarstemperament – Artist’s temperament |
| Maalstroom – Whirlpool |
| Optrekapparaat – Pullup apparatus |
| Pitsweer – Boil, furuncle |
| Sekuriteitslandgoed – Security estate |
| Swarigheid – Difficulty |
| Tranetrekker – Tearjerker |
| Woordspeling – Word play |

**Het jy geweet?**

Mense wat ’n oordrewe ingesteldheid op hul gesig, lyf en algemene voorkoms het, mag dalk aan liggaamsdismorfiese versteuring (body dysmorphia) ly. Sommige mense wat aan LDS ly, gaan herhaaldelik vir plastiese chirurgie, maar navorsing wys dat slegs 1% van hulle tevrede is met die uitkoms.

(Bron – *Sarie*, 1 Februarie 2015)

**Vir pret**

Lees gerus John Green se boek *The Fault in our Stars.* Kyk daarna die fliek en besluit of die boek beter was.

## Hoofstuk 11-15

**Opsomming**

Tim is geskok toe hy vir Jessica en Janu saam by die kerk sien. Janu is in matriek en ook die eerste rugbyspan se kaptein. Edgar kom kuier vir Tim by die huis. Edgar ontmoet vir Chantel. Sy hart klop dadelik warmer.

Tim en Amber ontmoet weer by die oefenarea. Hulle gesels lekker en spot gemoedelik met mekaar. Amber wil egter nie hê Tim moet haar sien nie. Hulle ken steeds nie mekaar se name nie, maar Tim noem Amber "die-meisie-in-die-donker". Tim se ma gee hom raad vir sy gebroke hart.

Amber besef sy sal die een of ander tyd weer terug skool toe moet gaan.

Tim moet foto's neem vir die skoolkoerant. Hy gaan oefen eers met die nuwe kamera by die stalle. Hy neem 'n paar aksiefoto's van 'n meisie op 'n grys perd. Haar gesig is nie duidelik op die foto nie. Hy weet nie dat hy vir Amber afgeneem het nie.

1. Hoekom wil Tim nie vir Edgar van die meisie wat hy ontmoet het, vertel nie?
2. Gee 'n beskrywing van Janu.
3. Hoe kry Amber haar dae om as sy nie skool toe gaan nie?
4. Watter emosie maak Amber se ma se skildery in haar los?
5. Tim reken Janu is nogal pateties. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord.
6. Dit is seksisties om te verwag dat vrouens altyd vir mans moet kosmaak. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord.
7. Edgar is mal oor Chantel. Is die stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord.
8. Hoekom wens Tim dat hy ook terug in die verlede kan gaan, soos die sterre se lig wat vanuit die verlede skyn?
9. Amber wil nie haar naam gee nie. Sy wil ook nie hê dat Tim naderkom en haar sien nie. Verduidelik hoekom sy so optree.
10. Dink jy dit is oukei om na jou eks se foto's op sosiale media te gaan kyk?
11. "Marli gaan haar eie gang. Sy doen deesdae meer joga ..." Hoekom dink jy is die laaste sin so betekenisvol?
12. Hoe voel Tim oor perde? Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys.
13. Wat beteken Amber se Sotho-naam – Naledi?

**Woordelys**

Afgekorte – Abbreviated

Bewonderend – Admiringly

Draaihekke – Turnstiles

Gemeenskapskerk – Community church

Grapgat – Joker

Kleefplastiek – Cling wrap

Koudlei – Walk a horse to cool it down

Oorskietskaapboud – Leftover leg of mutton

Retoriese vraag – Rhetorical question

Verantwoordelikheid – Responsibility

Verstellings – Adjustments or settings

Vroetel – Fidget

**Vir pret**

Gesels oor name in die klas.

- Sou jy ’n ander naam wou hê?
- Beïnvloed jou naam die manier waarop mense jou sien en hanteer?

## Hoofstuk 16-20

**Opsomming**

Tim ry saam met Chantel-hulle huis toe. Chantel en haar ma kry stry in die kar. Tim besef weer dat Chantel in hom belangstel. Die koerantredakteur vra dat Tim die eerste rugbyspan moet afneem, dus ook vir Janu.
By die oefenplek skerts Tim en Amber. Sy vertel hom van Apollo, die Griekse god van lig, die son en waarheid. Sy sê elke mens moet homself leer ken.
Edgar dink Chantel hou van hom.
Amber word byna uitgevang dat sy nie meer skool toe gaan nie.
Tim moet nou ook vir Chantel afneem vir die skoolkoerant.
Tim en Amber se gesprekke verdiep. Tim en Janu baklei, maar Jess kom tussenbeide.

1. Watse werk doen Tim se ouers?
2. Hoekom dink jy vra Amber verskoning wanneer sy lag? (bladsy 102)
3. Maak sinne om die verskil tussen “deug” en “deeg” (bladsy 98) duidelik te maak
4. Wil jy eendag ’n werk doen wat jou gelukkig sal maak? Of sal jy eerder ’n beroep volg wat ander mense van jou verwag en ongelukkig wees? Motiveer jou antwoord.
5. “Elke mens moet homself leer ken.” (bladsy 104) Dink jy Amber ken haarself? Motiveer jou antwoord.
6. Tim dink nie Chantel hou regtig van Edgar nie, maar hy hoop dat dit sal uitwerk. Haal ’n sin aan om dit te bewys.
7. Dink jy ’n mens moet selfs vriendskappe wat jy in die verlede gehad het, waardeer vir wat dit was en wat jy by die vriend geleer het? Motiveer jou antwoord.
8. Waaroor kry Tim en Janu stry tydens die fotosessie?
9. Wie sou jy kies as jy Jess was – vir Tim of vir Janu? Motiveer jou antwoord.
10. Voorspel wat volgende in die verhaal gaan gebeur.

| **Woordelys** |
|---|
| Belastingaftrekkings – Tax deductions |
| Kronkeling – Bend (in the road) |
| Motiveringsprentjie – Motivational picture (could possibly be a meme) |
| Motorruit – Car window |
| Potloodsketse – Pencil drawing |
| Sprankie - Spark |
| Struikel – Stumble |
| Tergtrant – Teasing manner |
| Wegkruip – Hide |

## Hoofstuk 21-25

**Opsomming**

Die gesprekke met Amber raak vir Tim soos 'n ontvlugting. In sy verbeelding sien hy haar as 'n mooi meisie met lang hare en sagte gelaatstrekke, vriendelike oë en die perfekte glimlag.
Amber besef sy het al vir Tim vantevore gesien. Sy soek hom op in die ou skoolkoerante en jaarblaaie en vind uit wat sy naam is.
Chantel raak ongeduldig oor die foto wat Tim moet kom neem.
Tim hoor 'n meisie se stem by die kwekery. Dit klink soos die-meisie-in-die-donker s'n, maar Tim kan haar nie sien nie. Haar gesig is weggesteek onder haar hoodie.
Marli is steeds bekommerd oor haar gewig. Haar pa verseker haar daar is niks fout met haar lyf nie. Tim is vies omdat Chantel sulke idees in sy suster se kop plant.
Chantel verseker Tim dat daar niks tussen haar en Edgar is nie. Sy vertel vir Tim hoe Janu haar afgekraak het. Dit het haar verskriklik seergemaak. Chantel wil vir Tim soen, maar hy maak dat hy wegkom.
Amber se ma wil haar nie by die ateljee laat inkom nie. Amber besef daar is 'n vreemde ding aan die broei.
Jessica bieg dat haar verhouding met Janu nie is wat sy verwag het nie.

1. Tim se pa sê die henne het hom ook goed verniel toe hy jonger was. (bladsy 129) Verduidelik wat die beeldspraak beteken.
2. Wanneer is ’n fliek ’n “vuisfees”? (bladsy 147)
3. “Maar iewers in die wêreld breek harte flenters op hierdie presiese oomblik ...” (bladsy 122) Hoe voel dit as jou hart breek?
4. Volgens bladsy 123 het Tim en Amber iets in gemeen. Verduidelik wat dit is.
5. ’n Nuwe begin is soms vermom as ’n pynlike einde (volgens Lao Tzu op bladsy 125). Dink jy dit is wat hier met Tim gebeur?
6. Is dit oukei as jy ’n ou of meisie se kleresmaak, liggaamsbou of voorkoms kritiseer?
7. Voorspel waarmee Amber se ma besig is wanneer sy haar die ateljee belet.
8. Kan ’n slegte verhouding maak dat jy jouself verloor? Motiveer jou antwoord.
9. Hoekom vra Jessica dat Tim nie vir Janu moet sê van hulle gesprek nie?
10. “’n Fout is ook slegs ’n fout as jy daarna nie van beter weet nie.” Herformuleer die sin.

**Woordelys**

Gemaklik – Comfortable

Jaarblaaie – Annuals

Katterig – Catty

Ligvoets – With a light tread

Oordrewe – Exaggerated

Polsing – Pulsation

Rondfladder – Flutter about

Teleurgesteld - Disappointed

Veronderstel – Supposed to

Voorbladnuus – Front page news

## Hoofstuk 26-30

**Opsomming**

Marli verander haar haarsnit sodat sy meer soos die filmster Mila Kunis kan lyk. Janu konfronteer vir Tim omdat iemand vir hom en Jessica saam by die kerk gesien het.
Amber verspreek haarself en Tim besef sy weet wie hy is. Hy is ontsteld hieroor, maar vra dan die-meisie-in-die-donker se naam. Hy wil haar ook sien. Sy gee net haar naam.
Amber skrik wanneer sy ’n bekentenis maak: Sy is nie mooi nie.
Tim besef sy was op die YouTube-video. Amber vlug. Tim gaan soek die video, maar dit is afgevee. Hy en Marli gaan kyk na soortgelyke video’s. Dit skok hulle.
Marli besluit om haarself te wees en verander weer haar voorkoms.
Janu sien vir Tim by Apollo. Sy optrede is vreemd.
Tim se kamera raak weg.
Chantel bring Tim se kamera terug. Hulle neem die foto’s. Chantel vra Tim moet die foto’s met Photoshop mooier maak.
Tim en Janu is weer haaks op die skoolbus. Tim kom af op die aksiefoto’s van die ruiter wat hy destyds geneem het. Hy besef hy het haar al by die skool gesien.
Tim verander Chantel se foto’s, maar weet dit is nie werklik wie sy is nie.

1. Watter kleur is Tim se perd, Apollo?
2. Janu Stamp vir Tim teen die muur vas en maak of hy hom met die kop gaan stamp. (bladsy 153) Wat sê dit vir ons van Janu se karakter?
3. “Hy trek sy opstelboek nader. Dié lyk soos ’n bloedbad.” Watter tipe beeldspraak gebruik die skrywer in die laaste sin?
4. “... hoekom wil hy enigiets anders wees as wat hy is? Hoekom nie net homself wees nie?” (bladsy 154) Wat gebeur in die gedeelte?
    a. Karakterontwikkeling
    b. Introspeksie
    c. Binnespraak
5. Glo jy aan iets soos sinchronisiteit? (sien bladsy 157) Motiveer jou antwoord.
6. Hoekom verander Marli haar voorkoms twee keer?
7. Janu sien vir Tim by Apollo. Hy gee ’n vreemde laggie toe hy sê die perd is mooi en seker waardevol. Dink jy Janu het planne om iets aan Apollo te doen?
8. Chantel vra Tim moet haar foto’s met ’n rekenaarprogram mooier maak. Mense se foto’s in tydskrifte word gewoonlik ook gemanipuleer om mooier te wees. Dink jy dit gee ons ’n onrealistiese idee van skoonheid? Motiveer jou antwoord.
9. Met watter een van die volgende stelling stem jy saam? Motiveer jou antwoord.

   a. Chantel se soen is seksuele teistering.
   b. Chantel se soen is romanties.
   c. Chantel se soen is die gevolg van ’n misverstand.
   d. Chantel se soen is niks anders as tiener-onskuld nie.
10. Voorspel wie die meisie in die aksiefoto’s op Tim se kamera is.
11. “Chantel kan presies lyk soos sy wil lyk. Maar dit gaan nie wees wie sy werklik is nie.” (bladsy 182) Wat bedoel Tim hiermee?

**Gesels en skryf**

Op bladsy 154 worstel Tim met ’n opstel. Hy sê opstelle laat hom soos ’n idioot voel. Die openingsin pootjie hom.

- Gesels in die klas oor openingsinne vir opstelle.
- Skryf dan self ’n briljante openingsin vir ’n opstel.

**Inspirasie**

Hoe klink hierdie vir ’n openingsin?

*Many years later, as he faced the firing squad, Colonel Aureliano Buendía was to remember that distant afternoon when his father took him to discover ice.*

Dit is hoe Gabriel Garcia Marquez se roman *100 Years of Solitude* begin.

**Woordelys**

Aanranding – Attack, assault

Bloedbad – Blood bath

Kleuraanpassingkwasse – Colour adjustment brushes

Klipharde – Rock hard. But when it refers to music, it means “extremely loud”.

Knuffel – To handle roughly, or to lovingly press against something.

Prulwerk – Sloppy work

Rugwerwels – Dorsal vertebra

Snelvuur – Quick fire

Stiebeuels – Stirrups

Taaloefening – Language exercise

Waardevol – Valuable

Wolwefluit – Wolf whistle

## Hoofstuk 31-35

**Opsomming**

Amber en Tim dink steeds aan mekaar ten spyte van die ongelukkige manier waarop hul vorige aand geëindig het. Tim kry ’n dringende boodskap dat hy na die stalle toe moet kom. Chantel ontmoet hom by die stalle. Apollo is erg beseer. Tim en Moeketsi versorg Apollo. Tim vermoed dadelik dat Janu vir Apollo seergemaak het om hom terug te kry. Dokter Theart ondersoek Apollo.
Amber kruip in haar perd se stal weg. Later sluip sy weg, maar Chantel sien haar ...
Tim konfronteer die volgende dag vir Janu, maar besef dan dat Janu nie die skuldige is nie.
Chantel laat weet Tim dat Amber ook die middag van Apollo se besering by die stalle was.
Tim gaan soek na Amber, maar sy is nie by die huis nie – sy is by die stalle.

1. Verlang Tim en Amber na mekaar? Motiveer jou antwoord.

2. Tim se gevoelens teenoor Amber verander van hoofstuk 31 na hoofstuk 35. Verduidelik.
3. Wie dink jy het Apollo seergemaak? Motiveer jou antwoord.
4. "Apollo strompel in die stal rond. Sy kop omlaag. Neusvleuels oop. Kortasem." Wat is die doel van die kort sinne in die aanhaling?
5. Noem drie emosies wat Tim se gevoelens oor sy beseerde perd opsom. (bladsy 187)
6. Hoekom eindig die skrywer hoofstuk 32 met die sin: "Chantel staan op die stoep vir haar en kyk."
7. Hoekom kan Janu nie verantwoordelik gehou word vir Apollo se besering nie?
8. Chantel stuur 'n gewraakte selfoonboodskap in hoofstuk 34. Hoe voel jy hieroor?
9. Voorspel wat in die laaste paar hoofstukke van die boek gaan gebeur.

| **Woordelys** |
|---|
| Bromponie – Scooter |
| Bushalte – Bus stop |
| Inflammasie-veroorsakende – Inflammation causing |
| Kommergevulde – Filled with worry |
| Rasende – Ravenous or filled with fury |
| Salpeter – Saltpetre |
| Skietgebede – Hurried prayer |
| Veiligheidsnet – Safety net |
| Verdieping – Floor, storey |
| Vuurpeleton – Firing squad |
| Vuurrooi – Fiery red |
| Voëluitkykpunt – Birdwatching observation point |
| Wegloophond – Stray dog |

## Hoofstuk 36-39

**Opsomming**

Tim konfronteer Amber oor Apollo toe sy in haar perd se stal wegkruip. Hy besef hy ken haar – dit is die meisie op die aksiefoto wat hy geneem het. Sy bewys vir Tim dat sy nie Apollo seergemaak het nie. Uiteindelik vind Tim uit wie die skuldige is: Chantel. Sy wou vir Tim terugkry omdat hy nie in haar belangstel nie. Chantel bieg en word deur emosie oorweldig. Sy spring op haar perd en jaag gevaarlik weg. Die perd gooi haar af en Tim en Chantel kom help haar. Chantel kry spyt oor haar gedrag, maar Tim verseker haar dat almal foute maak.

Die volgende dag by die skool sê Jess dat dinge tussen haar en Janu nie uitgewerk het nie. Sy wil vir Tim terughê, maar hy het aanbeweeg en hoop sy kry iemand wat van haar sal hou net soos sy is.

Amber se ma wys waarmee sy in die geheim besig was: ’n skildery wat wys hoe mooi Amber werklik is.

Tim en Amber ontmoet weer by die oefenplek. Hulle het albei verander en is gereed vir ’n nuwe begin.

1. Waar kruip Amber weg?
2. Hoekom sien Tim sosiale media as ’n monster?
3. Hoe bewys Amber dat sy nie vir Apollo beseer het nie?
4. Dink Tim dat Amber lelik is? Haal ’n sin aan om jou antwoord te staaf.
5. Skryf die volgende sin oor in korrekte Afrikaans: “Hulle kyk net vas in hulle flatscreen TV’s, snazzy klere, grênd karre, mooi huis, Persiese tapyte, en hulle sien my nie raak nie.”
6. Chantel stort haar hart volkome uit teenoor Tim en Amber. Kry jy haar jammer? Motiveer jou antwoord.
7. Chantel was nogal beledigend, maar tog help Tim en Amber haar toe die perd haar afgooi. Sou jy haar help? Motiveer jou antwoord.
8. Hoofstuk 38 is byna ’n herhaling van die eerste hoofstuk. Wat is die doel daarvan?
9. Hoe het Tim verander?
10. Hoe het Amber verander?
11. Het jy van die boek gehou? Motiveer jou antwoord.

**Woordelys**

Flenters – In tatters, broken

Oefensketse – Training sketches

Ontsluiering – Revelation

Reddeloosheid – Past redemption, irrecoverability

Skuifslotte – Sliding lock

Stomgeslaan – Flabbergasted

Voetlig – Footlight

Vriendskapsone – Friend zone

# Opsommende inligting oor die karakters

## Tipes karakters

| Hoofkarakter(s) | Bykomende karakters |
|---|---|
| • Hoofkarakters staan sentraal in die storie.<br>• Hulle is betrokke by die meeste of die belangrikste konflikte.<br>• Ons leer hulle baie goed ken.<br>• Hulle karakters groei gewoonlik.<br>• Ons sê ook hulle is driedimensionele of ronde karakters. | • Bykomende karakters se rolle kan wissel van belangrik tot onbelangrik.<br>• Hulle maak soms net ’n klein deel uit van die verhaal.<br>• Dit is nie vir ons altyd nodig om hulle ten volle te leer ken nie.<br>• Hulle karakters groei nie.<br>• Hulle is gewoonlik tweedimensionele of plat karakters. |

| Protagonis | Antagonis |
|---|---|
| • Die protagonis is die “goeie ou” of held in die verhaal.<br>• In *Veldiep* is dit Tim en Amber. | • Die antagonis is die “slegte ou” in die verhaal; vyand; opponent.<br>• Hy bied teenstand teen die protagonis.<br>• In *Veldiep* is dit Chantel en Janu en in ’n sekere sin ook die “sosialemedia-monster”. |

## Hoofkarakters in *Veldiep*

**Tim Muller**

Tim is ’n graad 11-leerder van Hoërskool Caldwell. Hy is aantreklik, hou van oefen en is mal oor perde. Volgens sy ma het hy ’n goeie hart (bladsy 147) en volgens Amber is hy so cool soos ’n Cornetto-roomys (bladsy 133). Tim se hart is egter gebroke nadat sy meisie, Jessica, haar verhouding met hom verbreek.

**Amber Sterling**

Amber Sterling is ook in graad 11 by Hoërskool Caldwell. Haar selfbeeld kry ’n knou wanneer ’n ou vir haar sê sy is lelik. Sy sien haarself ook nou so, en word die bespotting van die skool toe ’n gewaagde video wat sy maak, op haar sosiale media beland. Dit laat haar nog verder in haar dop kruip. Wanneer Tim haar uiteindelik sien, beskryf hy haar soos volg: “Beeldskoon is sy nie, maar op ’n vreemde manier is sy tog aantreklik. Lang, donkerbruin

hare, vol lippe, ’n vel wat soos ander tieners s’n nie perfek is nie, bruin oë wat onseker na hom kyk asof hulle wil vra: Nou toe, Tim, gaan jý my ook oordeel?” (bladsy 207)

**Praat**
Hoe sien jy vir Amber?



## Bykomende karakters

**Edgar**

Edgar is Tim se beste vriend. Sy ouers is geskei. Dit is sleg vir Edgar, maar hy probeer aangaan met sy lewe. Edgar is ’n fliekfundi en hy is altyd bang dat hy dinge sal mis - FOMO (bladsy 147). Edgar is ’n goeie krieketspeler.

**Jessica**

Tim noem haar ook “Jess”. Sy is die meisie wat sommer al op die eerste bladsy Tim se hart breek. Sy het ’n nuwe ou, Janu, ontmoet, maar die verhouding versuur mettertyd wanneer Janu haar wil dwing om te verander.

**Janu**

Jessica se nuwe ou, Janu, is in matriek en speel vir die eerste span rugby. Hy is ’n boelie en ’n bullebak. Volgens Chantel is hy iemand wat ’n meisie soos ’n “toiletborsel” kan laat voel. (bladsy 211)

**Chantel**

Chantel is ’n model wat ’n ogie op Tim het. Sy steek haar onsekerhede goed weg, maar uiteindelik bieg sy dat ouens haar gewoonlik net gebruik en dat haar ouers haar soos een van hul besittings sien, nes hul platskerm-TV, mooi karre en Persiese matte.

**Marli**

Tim se suster wil ’n model word, maar Chantel plant die idee in haar kop dat sy vet word. Marli stry teen die vetrolletjies en probeer om soos die filmster Mila Kunis te word.

# Karakterisering

In die voorafgaande afdeling is ’n opsomming gegee van die karakters in *Veldiep*.

Maar waar kom karakters vandaan? Hoe máák ’n skrywer ’n karakter? Ons noem die proses karakterisering. Om te karakteriseer beteken om ’n mens (karakter) te skep met woorde. Daardie karakter moet so goed geskep word dat die lesers naderhand glo dat hulle werklik kan bestaan.

Skrywers doen dit op die volgende maniere:

- Beskrywing deur die verteller: Pieter is ’n dief.
- Die handeling van ’n karakter: Pieter druk die sjokolade skelm in sy sak.
- Dialoog: “Het jy gehoor?” vra Susan. “Hulle het Pieter gevang met sjokolade in sy sak. En hy het nie daarvoor betaal nie!”
- Denke, gedagtes: Ag, niemand sal sien as ek die sjokolade vat nie, dink Pieter.
- Benaming: Het jy gesien wat Lang Vingers gedoen het?
- Selfbeskouing: Ag, ek is mos ’n gawe ou.


’n Belangrike aspek van karakterisering is dat (veral) hoofkarakters moet groei in die loop van die verhaal. Dit beteken hulle moet ’n verandering ondergaan en nie meer dieselfde dink of voel oor hulleself, hulle omstandighede of ander mense nie. Die groei is dikwels ’n emosionele groei.

### Skryfwenk

Wanneer ’n skrywer begin werk aan ’n boek, moet hy mense wat glad nie bestaan nie gaan “skep” asof hulle werklik bestaan.

As jy karakters vir opstelle wil skep, kan jy in tydskrifte of op die internet vir foto’s van mense soek wat jou inspireer.

Vra die persoon in die foto vrae in jou kop en luister of hulle jou antwoord. Ja, dit is effens mal! Maar dalk vertel die karakter vir jou ’n storie wat jy in jou opstel kan gebruik. Hierdie foto was die inspirasie vir Tim.



(Bron onbekend)

### Vrae

1. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur beskrywing plaasvind in *Veldiep*.
2. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur handeling plaasvind.
3. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur dialoog plaasvind.
4. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur denke of gedagtes plaasvind.
5. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur benaming plaasvind.
6. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur selfbeskouing plaasvind.
7. Vind daar karaktergroei by Tim en Amber plaas? Motiveer jou antwoord.
8. Dink jy die skrywer het Janu se karakter oortuigend gekarakteriseer? Motiveer jou antwoord.

# Konflik

Ons kry twee tipes konflik in ’n roman:

### Eksterne konflik

- Dit neem gewoonlik die vorm aan van ’n geveg, ’n argument of blote teenstand tussen twee karakters.
- Die konflik kan ook teenoor die natuur of ’n saak (bv. rassisme) wees.
- Die geleidelike oplos van konflikte lei die hoofkarakter tot die suksesvolle afloop van die verhaal.

### Interne konflik

- Interne konflik vind binne-in ’n karakter se kop plaas.
- Dit vind gewoonlik plaas wanneer ’n karakter moet besluit oor ’n moontlike optrede, of wanneer hy besin oor iets wat hy alreeds gedoen het.
- Dit kan ook ’n interne worsteling wees met goed wat aan hom, ’n vriend of geliefde gedoen is.

### Vrae

1. Noem twee gevalle van eksterne konflik in *Veldiep*.
2. Noem twee gevalle van interne konflik in *Veldiep*.
3. Is die konflik in die gevalle wat jy genoem het, realisties? Motiveer jou antwoord.

# Storielyn


Boeke kan nie net bestaan uit ’n klomp losstaande gebeure nie. Die reeks gebeure of handeling moet ’n bepaalde volgorde hê. Die intrige en subintrige speel hier ’n belangrike rol.

## Intrige

Die georganiseerde eenheid van handeling word die plot of intrige genoem. Om die leser se aandag te hou, gebruik die skrywer dikwels spanning om die verhaal voort te dryf.

Die storielyn begin gewoonlik met ’n lae spanningsvlak. Die spanning bou geleidelik op tot by die klimaks, en daarna volg die ontknoping. Daar kan ook klein stygings en dalings voorkom.

Hierdie grafiek van die storielyn dui die klassieke intrige aan:





### Bespreek in die klas

Het die skrywer daarin geslaag om jou geïnteresseerd te hou in die verhaal?

### Vrae

1. Dui op die grafiek aan waar die volgende gebeure op die storielyn sal voorkom.
    a. Die kykers maak ’n bespotting van Amber op YouTube.
    b. Tim vind uit wie vir Apollo beseer het.
    c. Jess verbreek haar verhouding met Tim.
    d. Chantel laat weet vir Tim dat Apollo seergekry het.
    e. Tim soen vir Amber by die oefen-area.




2. Doen die twee verhaallyne afbreuk aan *Veldiep* se intrige? Motiveer jou antwoord.
3. Kan ’n mens ook sê dat die twee verhaallyne elkeen hul eie opbouende intrige het?
4. Wat sou jy anders doen om die plot interessanter te maak?

### Subintrige

’n Subintrige is ’n onderliggende intrige aan die hoofverhaallyn. ’n Subintrige kan gekoppel wees aan die hoofgebeure, tema en karakters in die verhaal.

In *Veldiep* vorm Marli se stryd met haar voorkoms ’n subintrige.

### Vraag

1. Verduidelik hoe Edgar deel vorm van ’n subintrige in *Veldiep*.

# Voorafskaduwing

Met voorafskaduwing gee die skrywer vir ons ’n vae leidraad of aanduiding om te voorspel wat later mag gebeur in die verhaal. Dit is dus ’n tegniek wat kan dui op verdere ontwikkeling in die plot.

### Vrae

1. Is die volgende aanhaling val Lao Tzu ’n voorbeeld van voorafskaduwing? “New beginnings is often disguised as painful endings.” (bl. 125)
2. Is die volgende sinne ’n voorbeeld van voorafskaduwing? “Dis hoe sy lewe van nou af gaan wees. Hy sal heeltyd op sy hoede moet wees sodat die hartseer en verleentheid hom nie oorweldig nie.” (bl. 42)

# Terugflitse

Wanneer ’n mens aan tyd in ’n verhaal dink, moet daar ’n <u>begin</u>, <u>middel</u> en <u>einde</u> aan die verhaal wees. Daar moet ook oorsake en gevolge wees.

’n Terugflits, of terugverwysing, is die onderbreking van die chronologiese gang van gebeure. In hierdie onderbreking word vroeëre gebeure ingevoeg.

### Vrae

1. Is hierdie gedeelte die begin van ’n terugflits? “As hy die tyd nie na vanoggend kan terugdraai nie, dan eerder verder terug na verlede week of verlede maand.” (bl. 9)
2. Word *Veldiep* se verhaallyn lineêr aangebied? Motiveer jou antwoord.

# Verteltyd en vertelde tyd

Vir die Duitse literatuurwetenskaplike, Günther Müller, is ...

- Verteltyd die tyd wat die vertel van ’n verhaal, of dele van die verhaal, neem. In *Veldiep* is dit sowat 224 bladsye.
- Vertelde tyd die periode wat die storie wat vertel word, dek. Vir Müller sluit dit terugflitse uit. In *Veldiep* is dit, volgens hierdie definisie, omtrent ’n maand. Daar word egter geen definitiewe tydsaanduidings gegee nie.

### Vrae

1. Hoeveel verteltyd neem hoofstuk 1 van *Veldiep* in beslag?
2. Hoeveel vertelde tyd neem hoofstuk 1 van *Veldiep* in beslag?

# Die verteller

’n Verteller is nie die skrywer van die boek nie. Die verteller is ’n tegniek waardeur die skrywer die verhaal aanbied of oordra aan die leser.

- Interne verteller: Die ek-verteller is deel van die verhaal. Hy gee vir die leser sy eie ervarings rondom gebeure in die verhaal. Dit is die verteller se persoonlike siening. Hy is soos ’n ooggetuie. Hy beskryf ander karakters en gebeure in sy eie woorde. Hy weet nie wat in die toekoms kan gebeur nie. Hy weet net van die hede en die verlede.

- Eksterne verteller: Die derdepersoonsverteller is nie ’n karakter in die boek nie. Die verteller gee vir ons ’n blik van buite op ’n groep karakters en gebeure. Hy weet alles van die karakters, hulle gedagtes en gevoelens. Die verteller kan enige tyd (verlede, hede en toekoms) en plek wees. Hy is orals teenwoordig.

## Vrae

1. Waar word van ’n interne vertelle gebruik gemaak in *Veldiep*?
2. Waar word van ’n eksterne verteller gebruik gemaak in *Veldiep*?
3. Sou jy sê dat die boek twee fokaliseerders het? Motiveer jou antwoord.
4. Dink jy die skrywer moes eerder van ’n interne verteller gebruik gemaak het? Motiveer jou antwoord.

## Vir pret

Het jy lus om ’n skrywer “uit te vang”?

Dit gebeur soms dat ’n onervare skrywer ’n interne verteller gebruik, maar dan begin hy skielik vir ons vertel wat ’n ander karakter dink. Dis mos nie logies nie!

Of ’n eksterne verteller fokus net op een karakter in ’n toneel, en skielik wissel hy vir ’n sin of twee sy fokus en gee ons ’n perspektief vanuit ’n ander karakter se binnewêreld.

Ons noem hierdie fout “perspektiefbreuk”.

Kyk gerus of jy ’n skrywer kan uitvang!



# Temas

Temas is die sentrale idees wat in boeke voorkom. Daar kan meer as een tema in ’n roman wees.

Onthou: Temas is nie dieselfde as ’n roman se boodskap nie.

Van die temas in *Veldiep* is ...

- Die media se invloed op ons persepsie van skoonheid en geluk.
- Die wisselvalligheid van verhoudings.
- Boeliegedrag by mense wat agter hul rekenaars en selfone wegkruip.

### Uit ’n skrywer se oogpunt

Die gebruik van temas in ’n roman kan dalk vreeslik slim klink, maar skrywers beplan nie altyd om bepaalde temas in boeke in te werk nie. Ja, sommiges is wel beplan, maar talle ander duik amper vanself op in die kreatiewe proses. Dis nogal moeilik om te glo, nè?

Wanneer ’n skrywer weer en weer deur ’n manuskrip werk, word sommige van hierdie temas vir hom duidelik. Hy kan dan besluit om op die temas uit te brei deur hulle in ander tonele weer uit te lig. Slim lesers sal dalk ook temas raaksien wat selfs die skrywer misgekyk het. Dit word dan soos diamante soek in ’n hoop gruis. Dit is hier waar lees lekker word!

### Vrae

1. Die wisselvalligheid van verhoudings is ’n tema van *Veldiep*. Op watter karakter het dit veral betrekking?
2. Bespreek kortliks die tema van die media se invloed op ons persepsie van skoonheid en geluk.

# Motiewe

’n Motief is ’n element wat keer op keer in ’n roman gebruik word. Die element kan ’n voorwerp, insident of formule wees. Wanneer ’n skrywer motiewe gebruik in ’n verhaal, verhoog dit die konnotatiewe digtheid van die werk. ’n Motief word ’n *Leitmotiv* genoem wanneer ’n element ’n spesiale betekenis verkry en ’n spesiale funksie verrig.

## Mooi versus Lelik

Om aan te sluit by die titel van die roman, kom die motief van mooi versus lelik sterk na vore.

- Die woord "lelik" kom 30 keer in die manuskrip voor, "lelike" verskyn 4 keer. Die woord "mooi" kom 68 keer voor.
- Amber plaas die mense op die TV-program *Modern Family* in boksies van "mooi" en "lelik". Sy maak selfs ’n video waarin sy vir mense wat sy van geen kant af ken nie, vra of sý mooi of lelik is. Die gevolge van haar vraag is hartseer – net so hartseer soos haar gebrek aan selfvertroue en haar selfvernedering. Uiteindelik wys Amber se ma vir haar met die skildery hoe pragtig sy is.
- Marli begin ook worstel met skoonheid en die samelewing se verwagtinge van haar. Sy eet nie meer soetgoed soos koek en kaneelrolletjies nie, want sy is bang vir die vetrolletjies. Sy verander selfs haar voorkoms om meer soos Mila Kunis te lyk. Toe sy egter die YouTube-video’s sien, verander haar persepsie van haarself en besluit sy om ’n meer natuurlike voorkoms te kry.
- Chantel het ook deurgeloop onder Janu se verwagtinge van haar. Op bladsy 139 bieg sy: "Ek was net nooit goed genoeg nie. Hy het altyd fout gevind, maak nie saak wat ek doen of sê nie, hoe ek lyk of wat ek aantrek nie. Daar was altyd iets wat hom geïrriteer het. Uiteindelik los hy my toe en kry iemand anders."
- Jess loop dieselfde pad as Chantel toe sy met Janu deurmekaar raak.
- Chantel vra vir Tim om haar perdryfoto’s met Photoshop te manipuleer sodat sy maerder en mooier kan lyk. "Doen net iets hier by my gesig. Maak my vel ’n bietjie gladder, my oë skerper. En kan jy my ’n bietjie maerder laat lyk?" (bladsy 175) Tim doen dit uiteindelik, maar met die volgende besef: "Chantel kan presies lyk soos sy wil lyk. Maar dit gaan nie wees wie sy werklik is nie." (bladsy 182)

## Vrae

1. Verduidelik die konsep "motief" in ’n roman.
2. Bespreek kortliks die motief van mooi versus lelik in *Veldiep*.

# Boodskappe

Skrywers, veral skrywers van jeugboeke, hou nie deesdae daarvan om boodskappe of lewenslesse in boek te sit nie. Hulle lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.

*Veldiep* waarsku oor die gevare van sosiale media en die persepsies wat dit kan skep, maar nêrens in die boek sê die skrywer: Jy mag nie grimering gebruik en mooi aantrek nie, of jy mag nie jou foto's en video's op sosiale media laai nie.

### Hier is 'n paar onderwerpe waaroor leerders kan debatteer in die klas:

- Hoeveel van jou liggaam mag jy op sosiale media wys?
- Is dit oukei om filters te gebruik om jou foto's te verander?
- Is dit oukei om 'n puisie te verbloem vir 'n foto?
- Is dit oukei om jouself met 'n rekenaarprogram maerder te laat lyk as wat jy werklik is?
- Is dit die einde van die wêreld as 'n ou of 'n meisie jou los?
- Daar is 'n Engelse sêding: "People come into your life for a reason, a season or a lifetime." Stem jy daarmee saam? Wat presies beteken dit?
- Is dit oukei om, soos Chantel, wraak op iemand te neem?
- Is dit oukei om handgemeen te raak oor 'n ou of meisie?

# Agtergrond en omgewing

Wanneer 'n mens 'n boek ontleed, moet jy kyk hoe die agtergrond en omgewing verband hou met die karakters en tema.

### Agtergrond

Daar is nie enige politieke of geskiedkundige agtergrond waarteen die gebeure in *Veldiep* afspeel nie.

Die enigste noemenswaardige agtergrond wat van belang is, is die *zeitgeist* of tydsgees. Die karakters bevind hulle in 'n hedendaagse wêreld waar dit amper normaal geword het om nie te wees wie jy werklik is nie. Mense gee voor hulle is mooier en ryker as wat hulle werklik is. Hulle maak ook asof hulle asemrowende lewens het, maar in werklikheid is dit alles versiersuiker oor 'n vaal bestaan.

Ander kenmerke van die tydsgees en agtergrond is dié van die verbrokkelde gesinne en 'n soeke na liefde en aanvaarding.

## Omgewing

Omgewing of ruimte sluit die plek in waar karakters hulle bevind. *Veldiep* speel af op ’n wildlewe-landgoed. Daar is mooi huise en tuine, staproetes, ’n buitelug-oefenarea, perdestalle. Die landgoed het goeie sekuriteit en groot hekke waardeur mens die gebied binnegaan. Die landgoed is losweg geïnspireer deur die Woodland Hills-landgoed in Bloemfontein, maar dit word nêrens in die teks so aangedui nie.

Van die tonele speel ook by die fiktiewe Hoërskool Caldwell af. Dis ’n dubbelmediumskool waar onder andere sportsoorte soos rugby en krieket aangebied word. Daar is moontlik ander sportsoorte ook, maar dit word nie pertinent genoem nie.

### Foto’s

Hier volg ’n paar foto’s van die landgoed. Dit kan jou help om die omgewing te visualiseer.





## Foto's (vervolg)





**Foto's (vervolg)**





## Foto's (vervolg)





## Foto's (vervolg)





### Vrae

1. Wat beteken die term “zeitgeist”?
2. In watter omgewing speel *Veldiep* af?

# Stemming

Die term “stemming” verwys na die toon of atmosfeer van ’n boek. Dit kan humoristies, romanties, depressief, opwekkend, ens. wees.

### Vrae

1. Bespreek kortliks die stemming in *Veldiep*.
2. Dink jy die skrywer moes meer humor en romanse in die boek ingewerk het?

# Taalgebruik

Taalgebruik is altyd ’n kwessie in tienerboeke. Moet die skrywer jongmense leer om korrekte Afrikaans te praat (selfs al beteken dit die dialoog klink of die tieners woordeboeke ingesluk het), of moet die tieners praat soos regte tieners?

Die tienertaal wat die karakters in *Veldiep* praat, is ’n vermenging van Engels en Afrikaans, dus slang/sleng. Die sleng kom egter net in dialoog voor, of soms wanneer ons van ’n karakter se gedagtes bewus word. Daar is nie sleng in beskrywende gedeeltes nie.

Hier is ’n paar kenmerke van sleng:

- Dit is baie informeel
- Dis ’n sosiologiese fenomeen
- Dit kan ’n modegier wees
- Dit kan wissel van eenvoudige loslittaal tot vulgêr
- Dit kan skok of help om ’n ontspanne atmosfeer te skep
- Dit kan kreatief wees en lei tot neologismes (nuutskeppings)

**Vir pret**

- Luister of die leerders by julle skool slengtaal gebruik.
- Watter woord gebruik hulle die meeste?
- Dink jy ’n mens mag slengtaal in skoolopstelle gebruik?

### Vrae

1. Hoe voel jy oor die meng van tale in jeugverhale?
2. Kan jy dink aan nog kenmerke van slengtaal?

# ’n Stukkie Griekse mitologie

### Apollo



Volgens die Griekse mitologie was Apollo die god van die son, lig, kennis, genesing, musiek, gedigte, dans, beskermer van kinders, en meer.

Hy word beskou as een van die belangrikste Olimpiese gode.

Sy pa was Zeus en sy ma se naam was Leto. Hy het ’n tweelingsuster, Artemis, gehad.

Apollo is beskou as die aantreklikste god, en die ideale baardlose atletiese jongman.

Hoewel Apollo met genesing verbind is, kon hy ook plae en siektes met sy pyl en boog versprei.

As beskermer van kinders, is hy veral verantwoordelik vir hul oorgang van tiener na volwassene.

By sy tempel in Delphi staan die woorde: γνῶθι σεαυτόν (ken jouself)

(Foto: Wikipedia)

**Om die leerders aan die dink te sit**

*Veldiep* handel oor tieners wat met grootword-probleme worstel en probeer uitwerk wie hulle is en wat belangrik is vir ’n sinvolle bestaan.

Dink jy dit sluit dan aan by een van Apollo se verantwoordelikhede as Griekse god?

# Die lokteks

Boeke word gemaak om gekoop en gelees te word. Maar hoe vind ’n mens uit van nuut gepubliseerde boeke?

Resensies van boeke maak mense bewus van nuwe boeke, maar uitgewers plaas ook loktekste op hulle webblaaie. Sien byvoorbeeld die uitgewer van *Veldiep* se webblad vir voorbeelde: www.nb.co.za

Só lyk Tafelberg-uitgewers se lokteks op die internet. Die teks wil lesers oorreed om die roman te lees.

Amber is onseker van haar voorkoms. Is sy mooi? Sy maak 'n anonieme YouTube-video waarin sy mense vra om haar voorkoms te beoordeel, maar dit beland per ongeluk op haar Facebook-blad. Tim is gewild, maar sy meisie het hom sopas afgesê vir een van die rugby-ouens. 'n Toevallige ontmoeting in die skadu's van die landgoed waar hulle albei woon, lei tot 'n ongewone vriendskap, maar sal Amber die moed hê om haar spoke te konfronteer? En sal Tim die skadu-meisie se ware skoonheid kan raaksien?

### Vrae

1. Wat beteken dit om jou spoke te konfronteer?
2. Met watter vraag worstel Amber?
3. Tim en Amber het afgespreek om mekaar te ontmoet. Stem jy saam met die stelling? Haal een woord aan om jou antwoord te staaf.
4. Van watter skoonheid maak die laaste sin in die lokteks melding?
5. Moet ’n mens rugby speel om gewild te wees? Motiveer jou antwoord.
6. Watter strategie wend die skrywer van die lokteks aan om belangstelling in die boek te wek?
7. Indien jy ’n aankoper in ’n boekwinkel is en ’n bemarker gee vir jou hierdie lokteks vir *Veldiep*, sal jy die boek aankoop vir jou winkel?

# ’n Resensie van *Veldiep*

*Netwerk24 (en hul koerante Volksblad, Beeld en Die Burger)* , 17 Maart 2019

## Katvoet in die kuberruim

Magdel Vorster

In *Veldiep* van Fanie Viljoen, gaan staan twee tieners, soos die eerste hoofstuktitel waarsku, se lewens stil. Tim is pas deur sy meisie afgesê en begin verwoed oefen en perdry om sy seer te verwerk. ’n Paar hoofstukke later ontmoet die leser vir Amber. Sy laai ’n “Is ek mooi”-video op YouTube wat, voordat sy besef, ook na haar Facebook-blad en Twitter-profiel gedeel word. Sy word met beledigings gebombardeer en onttrek haar van die samelewing. Tim en Amber “ontmoet” mekaar by die oefenarea van die landgoed waar albei woon, en begin gesels – Tim oefen en Amber bly in die skadu.

Met *Veldiep* slaag Fanie Viljoen daarin om die slaggate van sosiale media te midde van ’n grootwordverhaal met tipiese tienerlewens, –verhoudings en ’n suggestie van romanse oor te dra. Tieners gebruik sosiale media dikwels op soek na ’n samehorigheid omdat hulle êrens wil inpas, maar as gevolg van die tipiese vergelykingskultuur daarvan, word hulle maklik, soos Amber, die slagoffers van kuberboelies en bly ’n gesonde selfbeeld telkens in die slag. Die nagmerrie-scenario van kuberboeliery is dat iemand se reputasie onmiddellik vernietig word en daar nie wegkomkans is nie. Die sosiale nadraai daarvan kan die slagoffer tot afsondering, depressie of erger dryf.

Soos in *Vlerke vir Almal* waarmee Marion Erskine verlede jaar met ’n veertjie beloon is, fokus Viljoen nie net op kuberboeliery nie en kom tradisionele boeliery ook onder die vergrootglas. Chantel, wat ook perdry en by Tim aanlê, speel soos Aldi in Erskine se verhaal, ’n meer tradisionele boelierol en soos Dewald agter die kap van Aldi se boeliebyl kom in *Vlerke vir Almal*, vind Tim uit dat Chantel sukkel om aan haar ma se hoë standaarde te voldoen en baklei om raakgesien te word.

Veldiep lees, ten spyte van ernstige onderwerpe, maklik en Viljoen dra belangrike boodskappe oor sonder om te wroeg of te moraliseer. Die storie word in nege-en-dertig kort hoofstukke vertel en slim deur hoofstuktitels, soos “Moenie nader kom nie” en “Iewers in die wêreld breek ’n hart flenters”, gedryf.

Viljoen se karakters is geloofwaardig en tieners van veertien en ouer sal maklik met hulle identifiseer. Soos in Tim se woorde tydens een van sy aandkuiers met Amber, “gaan hy diep en deurmekaar” en bewys hy “almal het ’n storie.”

*(Die resensie word met die vriendelike toestemming van die skrywer, Magdel Vorster, gebruik. Magdel is ’n voormalige kinder-bibliotekaresse en die eienaar van ’n kinderboekwinkel wat vir oorsese publikasies oor Suid-Afrikaanse boeke in dié genre skryf.)*

### Vrae

1. Waar het hierdie resensie verskyn?
2. Wie is die skrywer van die resensie?
3. Wat is ’n resensent?
4. Wanneer het die resensie verskyn?
5. Wat beteken “gebombardeer”?
6. Hoekom word tieners dikwels die slagoffers van kuberboelies, volgens die resensie?
7. Watter enkele woord gebruik die resensent vir “om ’n sedepreek af te steek”?
8. Met watter ander jeugverhaal vergelyk die resensent *Veldiep*?
9. Die resensent dink *Veldiep* lees moeilik. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met ’n aanhaling uit die resensie.
10. Dink die resensent dat *Veldiep* ’n ware uitbeelding van tienerlewens gee? Motiveer jou antwoord met ’n aanhaling.
11. Sal jy *Veldiep* wou lees as jy hierdie resensie in ’n koerant sien? Motiveer jou antwoord.

# Kritiese taalbewustheid

Hieronder volg 'n tabel met uittreksels uit *Veldiep*. Dui aan watter van die volgende taalverskynsels in die woordwolk word geïllustreer met die uittreksels.




| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| As dit nie ou Amber-Aspoestertjie is wat weer 'n prins wil vang nie." (bl. 209) | *Figuurlike taal, want sy is nie werklik Aspoestertjie wat 'n prins wil vang nie.* |
| Kyk net hoe moet 'n meisie jou battles vir jou kom fight." (bl. 118) | *Manipulerende taal, want Janu verkleineer vir Tim om hom sleg te laat voel.* |
| YouTube is geïnspireer deur die webblad HOT or NOT en het ontstaan as 'n video-afspraakwebblad. (bl. 34) | *Feit, want YouTube het werklik so ontstaan.* |
| Haar woorde kom na hom toe terug, en wéér tref die gedagte hom soos 'n vuishou. Die intensiteit daarvan maak hom lighoofdig. Hy byt die trane weg wat dreig om te kom. Hy wil huil. Ouens is nie veronderstel om dit te doen nie, maar stuff dit. Hy wil. (bl. 8 | *Gevoelstaal, want Tim verwoord sy gevoelens oor sy gebroke hart met hierdie sin.* |
| Sy staar na die skerm asof sy nie in haar eie lyf is nie. Dan, voordat sy besef wat sy doen, weeg sy al die karakters in die storie op: Gloria – mooi. Jay – lelik. Claire – mooi. Haley – lelik. Cameron – lelik. Manny – lelik . . . (bl. 31) | *Stereotipering, want Amber plaas die mense in "boksies" van mooi en lelik.* |
| As jy 'n goeie model wil wees, moet jy van soetgoed wegbly. Kyk na jou lyf. Ek sien hier loer alreeds 'n vetrolletjie." (bl. 54) | *Vooroordeel, want Chantel oordeel vir Marli met 'n onbillike gesindheid. Chantel het 'n vooropgestelde, voorbarige sienswyse van Marli.* |

| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| Sy voel hoe die **donker** in haar toeneem (bl. 36) | *Konnotasie, want "donker" verwys eerder na die emosionele of figuurlike betekenis van "donker", d.i. 'n emosionele donkerte.* |
| Die aantekenskerm kry lewe en glim deur die **donker**. (bl. 40) | *Denotasie, want "donker" verwys na die letterlike, of woordeboekbetekenis van die woord.* |
| Ag, nee, dis siek (bl. 43) | *Mening, want Tim gee sy opinie.* |

# Vir klasbespreking

Bespreek hierdie onderwerpe in die klas:

- Dis beter om diere met kameras af te neem as om hulle te skiet. (sien bl. 87)
- "Elke mens moet homself leer ken." (bl. 104) Hoe doen 'n mens dit?
- Lyftaal kan 'n mense se ware gevoelens weerspieël. Stem jy saam? Hoekom dink jy vra Amber verskoning wanneer sy lag? (bl. 102)
- Boelies skuil vandag agter skerms en sleutelborde op die internet.
- Wat sal jy doen as jou dogter eendag 'n video soos Amber s'n maak?
- Doen jy goed op die internet waarvan ander mense nie mag weet nie?
- Moet boeke 'n gelukkige einde of 'n realistiese einde hê? Wat verkies jy?
- Moet skrywers suiwer Afrikaans gebruik in jeugboeke?
- Boeke, nes films, is oorlaai met stereotipiese karakters. Is dit 'n goeie of slegte ding?
- Manipuleer die media ons?
- Watter internet-kwessies raak tieners vandag?
- Sal jy jou hele sosiale mediaprofiel wou uitvee?
- Kan jy jou 'n wêreld sonder selfone voorstel? Hoe sal dit wees?
- Dink jy mense moet foto's van hul kinders op die internet laai?
- Moet leerders self besluit oor hulle voorgeskrewe boeke? Wat sal jy kies?

# Leesoefeninge

## Vluglees

Wanneer jy vluglees . . .

- Wil jy ’n algemene indruk kry van die teks om te sien of dit bruikbaar is vir jou.
- Soek jy nie na spesifieke sleutelwoorde of items nie.
- Is dit die vertrekpunt vir meer intensiewe lees wat mag volg.

## Vluglees-oefeninge

- Vluglees al die hoofstukname in *Veldiep*.
    - Skryf ’n paar name neer wat jy kan onthou
    - Watter name het vir jou vreemd geklink?
    - Watter hoofstukke klink interessant?
    - In watter taal is die hoofstukname?
- Vluglees *Veldiep* se eerste hoofstuk.
    - Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
    - Klink die hoofstuk vir jou humoristies, hartseer of spannend?
    - Hoeveel karakters is daar in die eerste hoofstuk?
    - Uit hoeveel bladsye bestaan die eerste hoofstuk?

## Soeklees

Wanneer jy soeklees ...

- Soek jy vinnig na ’n sleutelwoord of ’n naam.
- Weet jy waarna jy soek.
- Jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.
- Ignoreer jy die woord of item waarna jy nie soek nie.

## Soeklees-oefeninge

- Soek na ’n Afrikaanse woord vir “friend zone” op bladsy 219.
- Soek na die woord “driftiger” op bladsy 208.
- Soek na ’n woord wat iets met ’n kleur te doen het op bladsy 197.
- Soek na ’n getal op bladsy 189.
- Hoeveel keer word Amber se naam op bladsy 184 genoem?
- Hoeveel tipe Photoshop-kwasse word op bladsy 182 genoem?

## Lees hardop

Lees hoofstuk 2 hardop in die klas.

Hier is ’n paar wenke:

- Maak seker dat jy die woorde korrek uitspreek.
- Moenie woorde byvoeg of uitlaat nie.
- Lees met gevoel.
- Lees vloeiend.
- Lees sodat almal in die klas kan hoor.
- Maak seker jy plaas die klem op die regte plek.
- Lees teen die regte tempo.
- Maak af en toe oogkontak met die onderwyser en ander leerders.
- Laat jou gesig ook die storie vertel.

## Onvoorbereide lees

Kies ’n gedeelte uit *Veldiep* wat leerders onvoorbereid kan lees. Let steeds op bogenoemde leeswenke.

## Wenke

- Daar is gewoonlik ekstroverte en kreatiewe leerders in die klas wat daaraan dink om akteurs te word. Hoekom gebruik jy hulle nie om die leerders wat ’n bietjie sukkel te help met hulle aanbieding  nie?
- Indien leerders sukkel om hardop te lees, stel voor dat hulle by die huis vir hul troeteldiere lees. Diere oordeel jou nie as jy verkeerd lees nie – en hulle sal die aandag geniet al verstaan hulle nie die storie nie.
- Leerders wat sukkel om te lees kan dalk baat met ’n Foniese Foon. Dit help hulle fokus en help met konsentrasie op die woorde se klank. Sien die volgende webblad vir meer inligting, of soek na video’s op die internet oor die oulike leeshulpmiddele. https://blog.maketaketeach.com/how-to-make-a-phonics-phone/



# Klasaktiwiteite

Boeke moet nie vervelige ou stories wees nie. Hulle moet die verbeelding aangryp en lees aanwakker.

Hier is ’n paar klasaktiwiteite wat die verbeelding lekker oortyd kan laat werk!

- Maak ’n video/lokprent vir *Veldiep*. As voorbeeld kan leerders gaan kyk na die kinders se lokprente vir Jonathan Safran Foer se boek “Extremely Loud and Incredibly Close” op YouTube.
- Maak ’n plakkaat vir *Veldiep*.
- Verwerk ’n gedeelte van *Veldiep* vir die verhoog. Skryf self die dramateks. Wenk: Kies ’n toneel met baie dialoog.
- Voer die toneel in die klas op.
- Hou die koerante dop vir artikels oor vreemde goed wat tieners op die internet aanvang. Skryf ’n artikel of opstel hieroor.
- Werk ’n boekbemarkingsplan vir *Veldiep* uit. Wie is jou teikenmark? Hoe gaan jy hulle bereik? Wat gaan dit kos? Bied jou bemarkingsplan aan in die klas.
- Vind uit hoeveel dit kos om ’n boek soos *Veldiep* te druk.
- Skryf ’n resensie oor *Veldiep* vir die skoolkoerant.
- Vind uit wat ander leerders van die is-ek-mooi-of-lelik-video’s dink. Sal hulle dit doen? Skryf dan ’n navorsingsverslag of ’n artikel vir die skoolkoerant. Of bied die uitslae van jou navorsing in die klas aan.
- Skryf ’n brief aan Amber uit sy Tim se oogpunt. Of skryf ’n brief aan Tim uit Amber se oogpunt.
- Skryf ’n e-pos aan Amber of Tim asof jy hulle pa of ma is. Verseker hulle dat hulle altyd met hul probleme by jou kan kom aanklop.
- Maak ’n plakkaat wat ander leerders by die skool sal waarsku teen gevare op die internet.

# Bronne

## Boeke


- Baignet, H. (1989) *Outlines, the secrets of studying English literature.* Cape Town. College Tutorial Press.
- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë.* Pretoria. HAUM-Literer.
- Smuts, J.P. (1998) *Die roman, 'n inleidende studie*. Kaapstad. Human & Rosseau.


## Webblaaie


- http://ababasoft.com/speedreading/five_types_of_reading.htm
- http://blogs.sun.ac.za/boekwurm/files/2010/09/Tienerafrikaans.pdf
- http://www.nb.co.za/
- https://en.wikipedia.org/wiki/Apollo


# Bedankings

Baie dankie aan Magdel Vorster en Netwerk24 vir die gebruik van die resensie.

# Foto's

Pixabay

Wikipedia

Die skrywer se eie foto's is by die gedeelte oor die omgewing gebruik.

∞

# Antwoorde

**Die skrywer**

1. *BreinBliksem*, *Miserella*, *Onderwêreld* en *Brand*
2. Die Goutie
3. Bloemfonteinse Skrywersverening
4. Fanie hou daarvan om vir jongmense te skryf omdat die grense van hulle verbeeldings eindeloos is.
5. Wanneer hy nie skryf nie, luister Fanie graag musiek, gaan gim toe, of kuier hy in koffiewinkels.
6. Kuberruim
7. www.fanieviljoen.co.za

**Flapteks/agterbladteks**

7. Die meisie se intense kyk, of haar oog.
8. Gebruik die bespreking as riglyn vir die antwoord.
9. Eie sinvolle mening.
10. Eie sinvolle mening.
11. Eie sinvolle mening.
12. Eie sinvolle slagspreuk.

**Tekskenmerke**

8. Eie sinvolle mening. ’n Moontlike antwoorde kan wees dat dit om estetiese redes gedoen is (ter wille van die grafiese uitleg). Die titel staan duideliker uit.
9. Die refleksie sluit aan by die motief van skoonheid en hoe ’n mens jouself in die spieël sien.
10. Nee.
11. Alle hoofstukname is in vetdruk en hoofletters.
12. Dit laat die teks uitstaan en help ons om die verskillende hoofstukke te onderskei.
13. Bl. 29 – Craig se selfoonboodskap, 125 – die aanhaling van Lao Tzu op sosiale media, 127 – die e-pos, en meer.
14. Ja, die hoofstukke en bladsye word genommer.

**Inhoudelike vrae**

**Hoofstuk 1-5**

14. Dit prikkel die leser se nuuskierigheid en skep spanning.
15. Afrikaans, Lewenswetenskap en ’n dubbelperiode Wiskunde.
16. Marli.
17. Hulle ken mekaar sedert laerskool.
18. Edgar se ouers is geskei. Dit raak hom emosioneel, maar hy probeer om dit te verwerk.
19. “Hy moes vanoggend al gesien het daar is iets verkeerd. Jessica het haar lyf van hom af weggedraai toe hy haar vinnig wou soen.”
20. Eie sinvolle mening.
21. Ek gee aandag daaraan/Ek verwerk dit/Ek hanteer dit. (Dit verwys gewoonlik na die emosionele verwerking van ’n moeilike situasie.)
22. Eie sinvolle mening.
23. c, a, d, b
24. Die landgoed het mooi huise, perdestalle, ’n buitelug-oefenarea, groot gedeeltes veld, koppies, bome en wilde diere.
25. Eie sinvolle mening.
26. Eie sinvolle mening.

**Hoofstuk 6-10**

17. Hulle het deur middel van ’n afspraak-app (dating app) ontmoet.
18. Haar pa is ’n argitek en haar ma is ’n kunstenaar.
19. Sy het nog altyd geglo sy is nie so mooi soos die vroue op TV en in tydskrifte nie. Craig se boodskap maak haar nou emosioneel so seer dat sy onbewustelik begin om selfs die mense in ’n lawwe TV-program in mooi- en lelik-boksies te plaas.
20. “Soms voel dit vir haar of haar alleenheid ’n swart poppie is wat hier in haar borskas bly.”
21. Hoofstuk 1-5 het op Tim gefokus. In hoofstuk 6 stel die skrywer vir Amber Sterling aan die leser voor. Die verhaal word nou afwisselend tussen Amber en Tim as fokaliseerders vertel.
22. Eie sinvolle mening.
23. Eie sinvolle antwoord.
24. Eie sinvolle mening. Die antwoord kan moontlik wees dat die mense ’n swak selfbeeld het, of deur die media se idees oor skoonheid beïnvloed is.
25. Eie sinvolle mening.
26. “Daar is klomp trolle op die internet. ’n Mens moet nie alles glo wat jy sien nie.”
27. Die staldeur staan oop.
28. Eie sinvolle mening.

29. Chantel sê melkskommel is nie goed vir ’n mens se figuur nie. Sy sê Marli het alreeds ’n vetrolletjie. Later staan Marli voor ’n Levi’s-winkelvenster en wonder of sy sal goed lyk in ’n bloes – of sal die vetrol dalk wys ...
30. Eie sinvolle mening.
31. Hy ontmoet vir Amber. Omdat die betrokke toneel vanuit Tim se oogpunt vertel word, ken hy nie die meisie se naam nie.

**Hoofstuk 11-15**

14. Tim is bang daar loop stories rond dat hy meisies in die donker ontmoet.
15. Janu het krullerige blonde hare en ’n sterk kakebeen. Hy is in matriek en is die eerste span se rugbykaptein.
16. Sy sit in koffiewinkels en restaurante rond.
17. Amber wil ook eendag weer soveel hoop in haar hê soos die figuur in die skildery.
18. Tim dink Janu is pateties omdat hy agter sy pa se beroep as prokureur skuil. Die leerders kan hul eie mening gee of dit patetiese gedrag is.
19. Eie sinvolle mening.
20. Waar. Edgar stotter senuweeagtig toe hy met Chantel praat. Sy mond hang oop toe sy wegstap. Hy sê vir Tim sy is aantreklik.
21. Hy wens hy kan gaan regmaak wat hy met Jessica verbrou het.
22. Amber is bang dat Tim ook sal dink sy is lelik, en dat hy haar sal verwerp. Hy kan haar moontlik van die video herken.
23. Eie sinvolle mening.
24. Chantel se waarskuwing oor Marli se vetrol steek nog in haar kop vas, daarom oefen sy meer.
25. Tim het ’n groot bewondering en liefde vir perde. “Perde het siele groter as mense s’n, dink hy soms.” Bladsy 89.
26. Naledi beteken “ster.”

**Hoofstuk 16-20**

11. Sy pa is ’n internis en sy ma ’n kliniese tegnoloog.
12. Eie sinvolle mening, maar ’n moontlike antwoord kan wees dat sy so selfbewus is dat selfs ’n doodnatuurlike emosie vreemd voel.
13. Ma bak brood met deeg. Skoonheid vergaan, maar deug bly staan.
14. Eie sinvolle mening.
15. Nee, sy soek nog na haar ware self. Sy moet vrede maak met haar voorkoms en haar selfbeeld verbeter.
16. “Tim gun hom enige geluk, as dit werklik geluk is, wat na sy kant toe kom.” (bladsy 107)

17. Eie sinvolle mening.
18. Hulle baklei oor Janu wat vir Jess afgevry het. Janu noem Tim ’n skelnaam.
19. Eie sinvolle mening.
20. Eie sinvolle mening.

**Hoofstuk 21-25**

11. Hy het ook maar sy moeilikheid met die meisies gehad. Een van hulle het hom gelos vir sy beste pel.
12. Wanneer daar baie vuisgevegte in die fliek is.
13. Eie sinvolle antwoord.
14. Hulle het albei iets verloor. Tim het sy meisie en sy hart verloor, Amber het haar selfvertroue verloor.
15. Eie sinvolle mening.
16. Eie sinvolle mening.
17. Eie sinvolle mening.
18. Eie sinvolle mening
19. Sy is bang vir wat Janu aan haar of Tim mag doen.
20. ’n Fout is slegs ’n fout as jy nie daaruit leer nie.

**Hoofstuk 26-30**

12. Swart
13. Janu is ’n bullebak en ’n boelie.
14. Vergelyking.
15. A, B en C
16. Eie gemotiveerde mening.
17. Sy verander haar haarstyl die eerste keer om meer soos die filmster Mila Kunis te lyk, onder invloed van die media se idee van skoonheid. Nadat sy die YouTube-video’s sien waarin meisies vra of hulle mooi of lelik is, besef sy dat sy haarself moet wees en haar nie aan ander mense se menings op sosiale media moet steur nie. Sy verander haar voorkoms ’n tweede keer sodat dit meer natuurlik lyk.
18. Eie gemotiveerde mening.
19. Eie gemotiveerde mening.
20. Eie gemotiveerde mening
21. Amber.
22. ’n Mens kan nie jou ware self met ’n rekenaarprogram manipuleer nie.

**Hoofstuk 31-35**

10. Ja, albei se gedagtes dwaal na mekaar toe.
11. In hoofstuk 31 het Tim simpatie met Amber. Hy besef dat dit sleg moet wees om so voor die hele wêreld verneder te word. Maar in hoofstuk 35 vind hy uit dat sy by die stalle was toe Apollo seergekry het. Hy verdink haar en is verskriklik kwaad.
12. Eie gemotiveerde opinie.
13. Die kort sinne skep spanning.
14. Hoop, liefde en vrees.
15. Dit skep spanning, maar laat die leser ook wonder of Amber dalk aandadig is aan Apollo se besering.
16. Janu het ’n alibi. Hy was die vorige middag saam met Jessica toe hulle sy nuwe motor gaan haal het.
17. Eie gemotiveerde opinie.
18. Eie gemotiveerde opinie.

**Hoofstuk 36-39**

12. In haar perd se stal.
13. Sosiale media wil hê ons moet dink dat almal mooi en perfek moet wees, anders is jy nie goed genoeg nie. Die sosialemedia-monster breinspoel ons om te dink dat net mooi mense gelukkig kan wees. (bladsy 207 en 223)
14. Apollo sou Amber nie by hom toegelaat het as sy hom seergemaak het nie. Wanneer Amber vir Apollo nader, is hy baie kalm. Sy het hom dus nie beseer nie.
15. Nee. “Beeldskoon is sy nie, maar op ’n vreemde manier is sy tog aantreklik.”
16. “Hulle kyk net vas in hulle platskerm-TV’s, modieuse klere, deftige karre, mooi huis, Persiese tapyte, en hulle sien my nie raak nie.”
17. Eie gemotiveerde mening.
18. Eie gemotiveerde mening.
19. Die verhaal voltooi ’n sirkel. Ons besef nou dat Tim as mens gegroei en verander het.
20. Tim het emosioneel deur die verbrokkelde verhouding gewerk. Hy aanvaar dat dit verby is. Hy het daaruit geleer en gaan voort met sy lewe. Hy besef dat dit wat soos die einde van die wêreld voel, nie altyd die einde van die wêreld is nie.
21. Amber sê dat die donker nie meer die plek vir haar is nie. Sy besef sy het ’n simpel ding met die video aangevang. Sy is spyt sy het nie vir haar ouers in haar vertroue geneem nie. Sy waag dit weer in die lig en sy besef dat mense onnodiglik obsessief is oor hulle voorkoms.
22. Eie sinvolle mening.

**Karakterisering**

<u>Nota</u>: Die leerders kan ook ander soortgelyke voorbeelde gee vir vrae 1-6


1. "Hy wil sy vingers deur sy koffiebruin hare laat gly sodat dit beter lyk, maar dan dink hy: Hoekom?" (bl. 18)
2. "Haar oë bly afgeslaan om die beeld in die spieël mis te kyk." (bl. 31)
3. "'Los my nou net 'n bietjie uit, oukei? Jis, jy is soos 'n lastige vlieg.'" (bl. 43)
4. "Voor die spieël trek sy haar klere reg en wonder of sy nie maar liewer 'n ander bloes moet aantrek nie." (bl. 34)
5. '"Stoutgat," sê Jess vir Janu.' (bl. 177)
6. "Alleen. Dis die ander woord. Soms voel dit vir haar of haar alleenheid 'n swart poppie is wat hier in haar borskas bly." (bl. 32)
7. Ja, Tim het emosioneel deur die verbrokkelde verhouding gewerk. Hy aanvaar dat dit verby is. Hy het daaruit geleer en gaan voort met sy lewe. Hy besef dat dit wat soos die einde van die wêreld voel, nie altyd die einde van die wêreld is nie. Amber sê dat die donker nie meer die plek vir haar is nie. Sy besef sy het 'n simpel ding met die video aangevang. Sy is spyt sy het nie vir haar ouers in haar vertroue geneem nie. Sy waag dit weer in die lig en sy besef dat mense onnodiglik obsessief is oor hulle voorkoms.
8. Eie gemotiveerde mening.

**Konflik**

1. Jess verbreek haar verhouding met Tim. Tim en Janu baklei tydens die fotosessie op die rugbyveld. (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)
2. Amber se emosionele worsteling nadat Craig vir haar sê sy is lelik. Tim se emosionele worsteling nadat hy vir Jess verloor. (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)
3. Eie gemotiveerde mening.

**Intrige**

1.




2. Eie gemotiveerde mening.
3. Ja, want jy kan hulle ook op ’n grafiek uitmerk met ’n begin, opbouende spanning en klimaks.
4. Eie gemotiveerde mening.

**Subintrige**

1. Edgar raak verlief of Chantel, maar sy stel nie in hom belang nie. Hy besef dit uiteindelik, en bring vir haar blomme in die hospitaal, al word hy na haar vriendskapsone geskuif.

**Voorafskaduwing**

3. Ja, want uiteindelik maak Tim ’n nuwe begin na sy geestelike foltering.
4. Nee, dit gee ons ’n aanduiding van hoe Tim vir Jess in die toekoms moet vermy, maar dis nie werklik ’n vae leidraad op ’n toekomstige gebeurtenis nie. Hy stel dit pertinent.

**Terugflitse**

3. Ja, want Tim vertel na daardie gedeelte hoe hy en Jess piekniek gehou het.
4. Ja, die gebeure volg chronologies opmekaar.

**Verteltyd en vertelde tyd**

3. 4 bladsye.
4. Omtrent 20 minute (so lank soos ’n skoolpouse).

**Die verteller**

5. Die boek het nie ’n interne verteller nie.
6. Die hele boek het ’n eksterne verteller.
7. Ja, ten spyte van die eksterne verteller, wissel die skrywer sommige tonele af deur óf op Tim se verhaal, óf op Amber se verhaal te fokus.
8. Eie gemotiveerde mening.

**Temas**

3. Tim.
4. Die media kan ons breinspoel sodat ons later dink dat net mooi mense gelukkig kan wees. Foto’s in tydskrifte en op die internet word gereeld gemanipuleer om net die blink kant van die lewe te wys. Die media maak mense mooier as wat hulle is, maerder as wat hulle is, en laat hulle dikwels valslik gelukkig lyk.

**Motiewe**

3. ’n Motief is ’n element wat keer op keer in ’n roman gebruik word. Die element kan ’n voorwerp, insident of formule wees.
4. Gebruik inligting in die gids as modelantwoord.

**Agtergrond en omgewing**

3. Dit is die tydsgees en verwys na die geestelike kenmerke van ’n bepaalde tyd of generasie.
4. *Veldiep* speel af op ’n wildlewe-landgoed en by die fiktiewe Hoërskool Caldwell.

**Stemming**

3. *Veldiep* het ’n ernstige stemming omdat dit met die karakters se onstuimige binnewêrelde werk. Soms is daar egter ligter oomblikke, veral wanneer Edgar in ’n toneel verskyn. ’n Mens kan ook sê dat daar romantiese oomblikke is wanneer Tim en Amber na die sterre kyk en wanneer hy haar soen in die slottoneel.
4. Eie sinvolle mening.

**Taalgebruik**

1. Eie sinvolle mening.
2. Eie sinvolle mening.

**Lokteks**

1. Om die slegte dinge in jou lewe te erken en dit reg te stel.
2. Is ek mooi?
3. Nee. “Toevallig.”
4. Innerlike skoonheid.
5. Eie gemotiveerde antwoord.
6. Die skrywer gee die basiese verhaalgegewe en vra sekere vrae om nuuskierigheid te prikkel.
7. Eie gemotiveerde antwoord.

**Resensie**

12. Dit het op die Netwerk24-webblad (en hul koerante soos Volksblad, Beeld en Die Burger) verskyn.
13. Magdel Vorster.
14. Iemand wat ’n boek bespreek of kritiek lewer op ’n boek. Dit vind gewoonlik in koerante of tydskrifte, en deesdae ook op die internet, plaas.
15. 17 Maart 2019
16. Letterlik beteken dit: jy word met bomme bestook. Figuurlik beteken dit: jy word met ’n groot aantal boodskappe/idees/slegte goed bestook. In Veldiep ontvang Amber die een slegte opmerking na die ander.
17. Die tipiese vergelykingskultuur van tieners se lewens maak hulle dikwels die slagoffer van kuberboelies.
18. Moraliseer.

19. *Vlerke vir Almal* (terloops, Fanie het voorgestel dat Marion sy jeugroman *Vlerke vir Almal* noem. Marion se oorspronklike titel was *Schmetterling*.)
20. Nee. *Veldiep* lees, ten spyte van ernstige onderwerpe, maklik en Viljoen dra belangrike boodskappe oor sonder om te wroeg of te moraliseer.
21. Ja. Viljoen se karakters is geloofwaardig en tieners van veertien en ouer sal maklik met hulle identifiseer.
22. Eie gemotiveerde mening.

**Kritiese taalbewustheid**

| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| As dit nie ou Amber-Aspoestertjie is wat weer ’n prins wil vang nie.” (bl. 209) | *Figuurlike taal, want sy is nie werklik Aspoestertjie wat ’n prins wil vang nie.* |
| Kyk net hoe moet ’n meisie jou battles vir jou kom fight.” (bl. 118) | *Manipulerende taal, want Janu verkleineer vir Tim om hom sleg te laat voel.* |
| YouTube is geïnspireer deur die webblad HOT or NOT en het ontstaan as ’n video-afspraakwebblad. (bl. 34) | *Feit, want YouTube het werklik so ontstaan.* |
| Haar woorde kom na hom toe terug, en wéér tref die gedagte hom soos ’n vuishou. Die intensiteit daarvan maak hom lighoofdig. Hy byt die trane weg wat dreig om te kom. Hy wil huil. Ouens is nie veronderstel om dit te doen nie, maar stuff dit. Hy wil. (bl. 8 | *Gevoelstaal, want Tim verwoord sy gevoelens oor sy gebroke hart met hierdie sin.* |
| Sy staar na die skerm asof sy nie in haar eie lyf is nie. Dan, voordat sy besef wat sy doen, weeg sy al die karakters in die storie op: Gloria – mooi. Jay – lelik. Claire – mooi. Haley – lelik. Cameron – lelik. Manny – lelik . . . (bl. 31) | *Stereotipering, want Amber plaas die mense in “boksies” van mooi en lelik.* |
| As jy ’n goeie model wil wees, moet jy van soetgoed wegbly. Kyk na jou lyf. Ek sien hier loer alreeds ’n vetrolletjie.” (bl. 54) | *Vooroordeel, want Chantel oordeel vir Marli met ’n onbillike gesindheid. Chantel het ’n vooropgestelde, voorbarige sienswyse van Marli.* |
| Sy voel hoe die **donker** in haar toeneem (bl. 36) | *Konnotasie, want “donker” verwys eerder na die emosionele of figuurlike betekenis van “donker”, d.i. ’n emosionele donkerte.* |

| Uittreksel | Antwoord |
|---|---|
| Die aantekenskerm kry lewe en glim deur die **donker**. (bl. 40) | *Denotasie, want “donker” verwys na die letterlike, of woordeboekbetekenis van die woord.* |
| Ag, nee, dis siek (bl. 43) | *Mening, want Tim gee sy opinie.* |

***